Cambridge Assessment International Education

# Cambridge International AS Level

**AFRIKAANS LANGUAGE** **8679/02**

Paper 2 Reading and Writing **October/November 2025**

INSERT **1 hour 45 minutes**

**INFORMATION**
- This insert contains the reading passages.
- You may annotate this insert and use the blank spaces for planning. **Do not write your answers** on the insert.

**INLIGTING**
- Hierdie bylae bevat die leestekste.
- Jy mag aantekeninge in hierdie bylae maak en die oop ruimte vir beplanning gebruik. **Moenie jou antwoorde** op die bylae **skryf nie**.

This document has **4** pages. Any blank pages are indicated.


© UCLES 2025
**[Turn over**

**AFDELING 1**

Lees **Teks 1** en beantwoord dan **vraag 1**, **2** en **3** in jou vraestel.

**Teks 1**

## Advertensietaal is oorredingstaal

1 Agter elke advertensie wat jou "nooi" om 'n selfoon of 'n polis te koop sit nie net baie navorsing nie, maar skrywers wat hul woorde slim en ekonomies kies.

2 Volgens Suzanne Botha, 'n kopieskrywer, is advertensietaal dikwels spreektaal wat eenvoudig lyk en woorde spaarsamig gebruik. Op 'n sielkundige vlak spreek dit tot verbruikers in 'n bepaalde teikenmark, en is gelaai met belofte. "Die advertensie word amper 'n gedig waarin elke woord tel en daar heelwat tussen die reëls gesê word."

3 Adrienne Nel, ook 'n kopieskrywer, sê advertensietaal was nie altyd so bondig nie. "In die verlede was advertensies met 'n lang storie oor 'n produk baie gewild. Deesdae het almal min tyd, daarom moet advertensies kort en boeiend wees."

4 "Daar is gewoonlik ingeboude beloftes in die advertensieteks," verduidelik Suzanne. "Beloftes soos dat jy gaan geld spaar, jonger lyk of lekkerder kos kook, is tipies van advertensies. Die taal in 'n advertensie is dikwels persoonlik, asof die advertensie 'n vriend is wat 'n geheim met jou deel. Die persoonlike voornaamwoorde 'jy' en 'jou' word gereeld gebruik. Woorde wat 'n gevoel van dringendheid skep, soos 'nou' en 'gou', is ook groot gunstelinge. Woorde wat die leser spesiaal laat voel, soos 'uniek' en 'eksklusief', kom ook dikwels voor."

5 Die grootste uitdaging vir 'n kopieskrywer is om 'n vars en skeppende teks te skryf wat 'n produk gaan verkoop. "Goeie advertensies vermaak natuurlik ook. Dit help egter nie jy skryf 'n lieflike, grappige radioflits waaroor almal praat, maar niemand kan onthou watter produk dit geadverteer het nie," sê Suzanne. "Daarom moet elke woord in jou advertensie besonder hard 'werk'."

6 "Dis belangrik dat ek as kopieskrywer absoluut alles weet van die produk wat ek adverteer," sê Suzanne. "Daar is gewoonlik 'n span marknavorsers wat hiermee help. Ek moet die produk verkieslik self gebruik as ek kan. Dis ook belangrik dat ek die soort mens leer ken vir wie ek die advertensie skryf: Wat is hul drome en vrese? Watter soort taal gebruik hulle? My advertensie moet met mense se hart praat, nie hul verstand nie. Emosie is die sleutelfaktor. As jy 'n versekeringspolis wil verkoop, moet jou advertensie eintlik vir die verbruiker sê: 'Jy is mos lief vir jou gesin? Jy is mos 'n verantwoordelike mens? Dan moet jy hierdie polis koop.'"

Uit: *Taalgenoot*, Winter 2022

## AFDELING 2

Lees nou **Teks 2** en beantwoord **vraag 4** en **5** in jou vraestel.

**Teks 2**

### Slaag advertensies altyd?

Advertensies en reklame is die hartklop van enige ekonomie.

**Content removed due to copyright restrictions.**

Ek het besluit: As ek ’n swak advertensie sien, skakel ek die klank af en kyk weg, want ek wil nie gekul, gefop en bedrieg word nie.

Uit: *Die Burger*, 13 September 2022

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of Cambridge Assessment. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is a department of the University of Cambridge.